

6. VAN 1850 TOT 1875

Die magsbevestiging van die Engelse in die suidhoek van Afrika vorder nou met rasse skrede. In die Kaapkolonie neem die anglisering deur staatsinstellinge, skole en selfs die kerk alles in beslag. Op die eerste twee gebiede heers reeds betreklike, en op plekke absolute eenstemmigheid; alleen nog die kerk en die plattelandse maatskappy bied enige weerstand. In Natal is die Britse kultuurgesag oppermagtig; en ook in die Vrystaat werk dit sterk in. Gedurende die Britse gesagsuitoefening sê *The Friend* (Bloemfontein) in 'n hoofartikel bv. „We hope and we expect that in course of time the Sovereignty of Britain shall be extended over every unoccupied portion of the globe. We believe that this is one of the High Missions assigned by Providence to Great Britain” (15 September 1851).

In die talle Engelse reis- en landbeskrywings vind ons dan alleen 'n neerbuigende houding teenoor sowel die „patois” as Nederlands in hierdie tydperk van imperialistiese magsontplooiing. Vir ons doel is dit van weinig waarde behalwe om bewyse van die superieure afwysing.¹⁾ Werklike spanning ontstaan nog nie, al kom daar van Nederlandse sy soms verset.

So het daar in *The Monitor* van 30 September 1857 'n aanval op die „patois” en „jargon” verskyn waarteen „Rheno Sicamber” in *Het Volksblad* (13 Mei 1858) ge protesteer het. Tegelyk het hy 'n lansie gebreek vir „den zuiveren en zachtvloeijenden, doch onregel-

¹⁾ Talle voorbeeldte vind in J. du P. Scholtz *Die Afrikaner en Sy Taal*, ontleen aan die koerante, wat die bevindinge in die reisbeskrywings nogeens bevestig. Bgl. bv. bl. 109-112.

matigen tongval van die taal, welke in Zuid-Afrika gesproken wordt."

In 'n ander artikel (3 Junie 1858) oor *The Monitor* se aanval word Afrikaans o.m. as volg verdedig: „Het Kaapsch-Nederduitsch zou een bastaardspraak en brabbel-taal wezen! Onze woorden zijn èn in beteekenis èn in klank èn in vorm Nederduitsch. Vloeijend is het bij uitnemendheid; welligt meer dan eenig ander Duitsch tongval . . .” Orals vergelyk hy „Kaapsch” met Engels, maar so dat dit in laasgenoemde se nadeel uitval. Bv. „Maar, zegt ge, uw Kaapsch is evenwel een *patois*. Het is, dat willen wij niet tegenspreken, onregelmatig. Het heeft geene geslachten, *zoo min als het Engelsch*. Het veronachtzaamt de verbuiging en is arm in vervoeging; maar het Engelsch, wat heeft het daarvan? Waarlijk niet veel meer, en dat nog meestal onorganisch en aangelapt.”

Tussen Afrikaans en Nederlands is daar aanvanklik ook nog weinig sprake van spanning. Hoewel daar onder tussen heelwat Afrikaanse stukkies sporadies verskyn,¹⁾ het hulle geen pretensies nie en is hulle geen pogings om Nederlands te ontsetel nie. Waarom sou Nederlands die plat en komiese poginkies vrees? — Hulle spruit voort of uit die begeerte om te vermaak, of uit onbeholpenheid, en word geensins gedra deur 'n groot, eerbiedige liefde vir die volkstaal as tolk van edele verlangens nie. Die plek van Nederlands bly onaangetas.

Die opspraak wat Meurant se *Zamenspraak*¹⁾ oor politieke afskeiding, en sy *Brieve*²⁾ oor die Volksraadsitting van 1861 verwek het, en die verwoede skryflus wat dit ontketen het vergeleke by die voorafgaande tydperk, het die volkstaal sterk onder die aandag van die lesende publiek gebring. Teen Engelse kant moes soms ook front gemaak word, maar meer teen Hollander- en Afrikanerverset.

¹⁾ P.V. VI.

²⁾ P.V. I.

In die verbygaan meld ek dat Meurant nie in plat Afrikaans geskryf het nie. Klaas Waarzegger self is 'n beskaafde, aristokratiese karakter, waardig in woord en houding, helder soos die klank van die kerkklok. Sy „Dopper”-Hollands, soos hy dit self noem, is geen bespotting of verkleinering van die volkstaal nie, dit is die veredeling daarvan. *The Cradock News* self verdedig dit met die woorde: „How often must we re-iterate the assertion: our *Zamenspraak* is not written in „Hottentot-Dutch,” and you (die aanvallende koerantredakteur) only show your ignorance by saying so. There is as much difference between „Hottentot” and „Boer Dutch” as between „Boer” and „High Dutch.”¹⁾

Die waarlige houding het sy deel daartoe bygedra om besware teen die taal met 'n dowwer glans te laat blink. Tog het al die nalopers met hulle epigone-mentaliteit nie in hulle bydraes soos opgeneem in die korrespondensiekolomme van die vernaamste Hollandse koerante, diestelfde beskaafde toon kon bewaar nie, en spoedig het dit weer verval in platvloerse, boertige en lokale incidentjies, wat graag as grappig wou deurgaan.

Talryke besware het die redaksiekantore bereik, sommige so haatlik as wat party Afrikaanse stukkies triviaal was. Een staaltjie, die kwaaieste wat ek vir hierdie tydstip ge-ekserpeer het, kan voldoende wees. Dit is opgeneem onder „Rariteiten” in *De Zuid-Afrikaan* (12 Mei 1864), en die verminkte Afrikaanse proef word met die volgende slegriekende haatlikheid ingelei: „Waarde Heer! — U houdt nogal van Rariteiten, naar ik zoo van tijd tot tijd bemerk heb in uw *Afrikaan*. Is het ook misschien dat u er een *Museum van Verbasterde Moerstaal* op nahoudt? Zoo ja, dan dunkt me, zal nevensgaande product u regt welkom zijn. Mag ik weten welk salaris u een knappen verduidelijker, of

¹⁾ Al die feite ontleen aan P.V. I.

uitegger, per maand toekent? Een jaar zal zeker geen „worm van het stof” dat heerlijk baantje houden. Den ganschen dag „gelooide leer” of „ongelooide velskoene” onder iemands reukorganen te hebben, is niet het aange- naamste wat men zich denken kan. Ik wil dus weten of er een opening voor mij is in Uw Museum?”

Die sarkasme is 'n vrug van hoogdunkendheid. Hy is hom nog van geen gevaar vir Nederlands bewus nie, net van diepe veragting vir die Boer se spreektaal wat hom aan 'n looikuip laat dink ('n ongelooide velskoontaal!) By die meeste teenstanders van Afrikaans is dit tradisie- vastheid en gehegtheid aan die ou gewoontes wat die vooroordeel en afkerigheid verwek. Hulle sal gevoels- argumente aanvoer om hulle van hul eie standpunt te oortuig. Hulle redenasies geskied nie in die eerste plek om die waarheid te vind nie — die tradisie is vir hulle die ou waarheid — maar om die „waarheid” nogeens te regverdig.

Op die ou oortuigings dat alleen Nederlands gesik is vir die vertolking van allerlei gedagtes, word by implikasie aanvalle gerig deur die skrywers van *Boerepraatjies* en ander Afrikaanse stukke. Sodra in Afrikaans oor opvoeding of in geleerde toon gepraat word, word aange- neem dat Afrikaans sy perke te buite gaan. Hy kom nou op die akker waarop Nederlands alleen reg het.

Het Volksblad wat in 1870 plek het vir die *Boerenbrieven* in Afrikaans uit die pen van Samuel Zwaartman¹⁾ (H. W. A. Cooper), gee die volgende teregwyding: „Tot waarschuwing van den schrijver van bovenstaande en alle andere zij gemeld, dat *Het Volksblad* in het vervolg geen plat-Hollandsche (d.i. Afrikaanse) opstellen zal plaatsen waarin zuiver Latijnsche aanhalingen voorkomen. Dit is toch een beetje al te gek.”

¹⁾ Feite ontleen aan P.V. IX.

Ons moet dit waarskynlik so verstaan dat dit géklik klink om geleerdheid ten toon te stel in 'n taalvorm wat net vir ongeleerdheid en platheid geskik is. Dit is so ongerymd as 'n sylap aan 'n velbroek. Latynse aanhalinge in Afrikaans is potsierlik en met mekaar so onverenigbaar as die kultuurvorme van paleis en pondok!

Die belangstelling is nou egter so groot dat dit alle teregwysings ten spyt steeds sterker na vore dring. Dit word veral van 1872 af baie opvallend, en wel in tweërlei rigting: kalme, wetenskaplike interesse, en vurige pleidooie vir 'n kulturele status.

Van die eerste soort is daar 'n lesenswaardige artikel deur 'n advokaat D.U.M. in *The Cape Monthly Magazine* (Nuwe Reeks) V 49-52, 1872. Die ewéwydige ontwikkeling van Engels uit Angel-Saksies onder inwerking van Normandiese Frans, en van „Cape Dutch” uit Nederlands deur die invloed van die Franse Hugenote, is die stelling wat hy wil bewys uit die voegingsleer, sinsbou en woordeskat van albei.

Dit is hom net om die feite, die blywende waarheid te doen. Hy staan dus welwillend ten opsigte van Afrikaans. „These languages (Engels en Afrikaans) have also gradually become softer by the elision of certain harsh vowels and gutturals; thus A-S (Anglo Saxon) *secgan*, *lecgan*, D. (Dutch) *zeggen*, *leggen*, came to be represented by E. *say*, *lay*, Cape-Dutch *zeb*, *leb*.”

Hy toon aan dat Afrikaans net so min uit Hottentots geleen het as Engels uit Kelties. „It is therefore as wrong to call the Cape patois Hottentot-Dutch as it would be to speak of English as Celto-Saxon. In both cases, the native inhabitants retreated before the intruders, without being incorporated with them to any very perceptible extent.”

Oor die neiging tot ontleining uit die oorheersende regeringstaal meld hy: „The language of feudalism and chivalry was principally adopted by the Anglo Saxons from

their Norman masters. An Africander speaking Dutch never uses any but English words for such novelties as a railway carriage, ticket, or truck, which thus become incorporated in his laguage; although in Holland, of course, they have regular designations for these articles. All these causes continue te make Cape-Dutch about as unintelligible to a Hollander as English would be to a Saxon or Italian to an ancient Roman."

As ons na die ou ontleninge vandag kyk, moet die weerbaarheid van Afrikaans ons wel opval.

Hierdie artikel van D.U.M. is tot hier toe in hierdie periode die belangrikste oor die wordingsprobleem, maar nie die enigste nie. 'n Sewe jaar vroeër is bv. die volgende verklaring oor die ontstaan aan die hand gedoen, volgens die briefskrywer (wat sy naam as „Hollander” teken) deur 'n parlementslid: Dat Hollands so „geradbraak” word, sê hy, kom „eensdeels door verbastering; maar meerendeels, doordien de menschen, tengevolge van het warme klimaat, te lui zijn geworden om hunnen mond behoorlijk open te maken en hunne tong de vereischte beweging te geven.” „Hollander” betuig sy instemming hiermee volgens sy eie waarnemings gedurende die twintig jaar wat hy in ons land is.¹⁾

Breér sien „Regtuit” die toestand waar hy sê dat Nederlands hier 'n vreemde taal geword het, „daar zich hier in het verloop der tijden en onder invloed van geheel bijzondere omstandigheden (klimaat, aard des lands, volksmenging) eene spraak gevormd heeft die zeer van het Europeesch Hollandsch verschilt, en beslistelijk als eene afzonderlike taal aan te merken is.”²⁾ X.Y.Z. is dieselfde gedagte toegedaan.³⁾

¹⁾ Het Volksblad, 26 Januarie 1867.

²⁾ De Zuid-Afrikaan, 30 April 1873.

³⁾ Ibid, 20 Augustus 1873.

In 'n brief wat van Bloemfontein afkomstig is en volgens *De Zuid-Afrikaan*,¹⁾ wat dit uit *De Nieuwe Rotterdamsche Courant* oorneem, vermoedelik deur dr. Brill geskryf is, staan o.a. „Onder allerlei invloeden (Engelsch, Maleisch, Hottentotsch, enz.) en zonder grammaticale tucht is zij (Afrikaans) hoe langs hoe meer verbasterd, hier en daar tot onkenbaarheid en onverstaanbaarheid toe.”

Dit is kort hierna, naamlik in Mei 1875, dat die geleerde wat hier genoem word, dr. Johannes Brill, sy beroemde openbare lesing²⁾ in Bloemfontein hou oor „De Lands-taal,” d.i. Afrikaans. Veral steunende op professor Max Muller van Oxford verduidelik hy dat die vereenvoudigingsneiginge van Afrikaans in ooreenstemming is met die natuurlike taalgroei, en dat Afrikaans in die oog van die wetenskap nie veragtelik is nie, net so min as die aan vorms arme Engels. „Niets is dan ook gemakkelijker dan een parallel te trekken tusschen Engelsch en Zuid-Afrikaansch Hollandsch.”

Waar hy Afrikaans en Nederlands met mekaar vergelyk, is hy vol lof vir die eenvoud en reëlmaat van ons taal, bv. „hoe eenvoudig en regelmatig daarentegen (is) datzelfde werkwoord (nl. zijn) in Afrikaansch . . .” Of oor die verdwyning van die verbuiging: „Zelfde gevolg: De taal wordt gemakkelijker in 't gemeene gebruik; minder schoon voor den dichter of redenaar.” Hy gee ook mooi vingerwysings oor die woordeskat en praat waarderend oor die betreklike eenvormigheid van uitspraak oor die ontsaglike taalgebied.

Daarna omskryf hy Afrikaans as volg: „Een Hollandsch, dat eenvoudigheidshalve de grammatische vormen die nog aan de moedertaal eigen waren, heeft afgeschaft, of liever, zonder grammatische of litterarische tucht, aan zich zelve overgelaten, die vormen langzamerhand heeft

¹⁾ 13 Januarie 1875.

²⁾ O.a. afgedruk in *Geschiedenis van die Afrikaanse Taalbeweging* (S. J. du Toit, 1880), bl. 28-39.

zien inkrimpen, afslijten en ten slotte nagenoeg geheel verloren heeft."

Ten slotte getuig hy dat Afrikaans as afsonderlike kultuurtaal 'n toekoms mag hê wanneer dit „op eene eigene letterkunde kan wijzen, waarin zich een nationaal bewustzijn afspiegelt, verschillend van die nationaliteit, waaraan zij haren oorsprong te danken heeft.”

Die besadigde en moeilik-weerlegbare beschouwing van die wetenskaplik-onderlegde talekenner, dr. Brill, wat met 'n tikkie optimisme in die slotparagraawe die toekomstige Genootskappers onbedoeld versigtig aanmoedig, is later deur *Die Patriot* van harte toegejuig en aan sy strewe diensbaar gemaak.

In dieselfde jaar¹⁾) het ons 'n allerbelangrike stuk van dr. A Pannevis, die Hollander wat die oë van die jongeres oopgemaak het. Dit is wel ironies dat 'n volbloed Hollander die beweging vir die verheffing van Afrikaans tot die kultuurtaal van die Afrikaners aan die gang sit, en dat hy juis deur Hollanders en Afrikaners die felste bestry sal word, soos strakkies sal blyk. Betekenisvol is die stuk egter veral omdat dit ons 'n blik verleen op die manier waarop Pannevis teenstanders oortuig het en 'n dissipelskap gekweek het. Ds. S. J. du Toit noem sy leermeester herhaaldelik die grootste taalgeleerde van sy tyd. Dr. Pannevis het 'n breeë agtergrond, 'n wye veld van belangstelling, en het dus sy argumente op 'n hoë, saaklike en leersame peil kon hou.

Die stuk is in die vorm van 'n tweespraak, 'n geselsie tussen 'n Oom (Pannevis) en 'n Neef, 'n volgsame leerling. In die eerste helfte van die gesprek gaan dit om te bewys dat die Afrikaners hulle eie taal het, t.w. Afrikaans. Die ander noem dit 'n Hottentotstaal, d.i. Nederlands wat die Hottentotte oorgeneem en bederwe het

¹⁾ *W. en W.*, alwaar die stuk opgeneem is (bl. 102-107) in die Vereenvoudigde Nederlandse Spelling.

en wat die blankes op hulle beurt weer oorgeneem het en dus eweneens moes help bederwe het.

„Oom.—Zij staan dus hierin maar gelijk met die zogenaamde Hottentots, en hebben, altijd met hen samenwonende, gezamenlik met hen de taal bedorven?

Neef.—Ik denk zo, Oom.

Oom.—En nu zij zelve hun eigen taal hebben helpen bederven, dus zelve ook bedorven hebben, nu willen zij al die schuld van zich afwerpen en zeggen: dat is onze taal niet! . . . De Afrikaander die onze taal *Hottentotstaal* noemt, scheldt zichzelve daarmee voor een verachtelike Hottentot uit. Op anderen scheldende scheldt hy zich zelf, en de zonde keert op zijn eigen hoofd terug.

Neef.—Nu begrijp ik de zaak. De taal die wij spreken is *onze* taal, en zij kan geenszins te slecht voor ons zijn, aangezien zij zich naar ons gevormd heeft . . .”

Hierna behandel hy die ontstaansfaktore van Afrikaans. (Zij) hebben bij ons wijzigingen teweeg gebracht, welke minder de afkeuring dan de opmerking waardig zijn.”

Hy noem drie faktore. Die eerste is die oorplanting van die Nederlands van die sewentiende eeu na 'n nuwe land met 'n ander klimaat en „gedaante.” Die tweede is die inwerking van die soort Nederlands wat die vreemdelinge (hulle was in die meerderheid) gesproat het.

„De weinige Hollanders konden dit niet kerend; en also hebben allen gezamenlik er toe meegewerk om de taal te vormen die tans onder ons gesproken wordt . . .” Die laaste faktor is' die versnelling van die tempo onder Britse gesag, toe die Nederlandse kultuurbande verbreek is en die verwildering vrye gang gehad het, „terwyl de uitwerking der vroegere vreemde inmengingen tegelyk weer werd bevestigd.”

In die slotgedeelte word een gedagte tot twee keer toe herhaal; hy is fonkelnuut en getuig van soveel diep insig, raak die kernsaak so goed, dat ek hom in sy geheel wil aanhaal. Dr. Pannevis het 'n skerp blik wat die opper-

vlakte deurboor om tot by die grondfeite te sien. Dit beantwoord tegelykertyd eerw. Willemsen se opvatting afdoende, waarby ons straks kom. Op die bewering dat die *beskaafde* Kaaps-Hollands nie soveel van Hoog-Hollands awyk om as 'n afsonderlike taal beskou te word nie, antwoord Pannevis o.m.: „Oom.—Mijn lieve Neef, *wat* maakt het onderscheid van taal? Niet de mindere of meerdere platheid van spraak, niet de kleinere of grotere rijkdom en verscheidenheid van uitdrukkingen; neen, gans niet; 't is de eigenaardige *geest* en het biezonner karakter van ieder taal, waardoor zij zich onderling onderscheiden. Alle bewoners van Zuid-Afrika spreken het Afrikaans net even plat . . . maar de geest, het karakter der taal is bij allen zonder onderscheid hetzelfde, en wordt nergens gemist.

. . . Neem het gros der bevolking, en vergelijk de taal die zij allen spreken, met de taal van Holland, en gjz zult het moeten zien, dat wij hier met twee verschillende *idiomen* te doen hebben. . . . De manier van denken en voorstellen is bij beide volken geheel en al van elkander afwijkend.”

Daarom moet Afrikaans tot kultuurtaal van ons eie volk word.

„De zaak is klaar, wij spreken door Zuid-Afrika een besondere en eigenaardige taal, een zuster van het tegenwoordige Hollands; deze taal is ons door de Voorzienigheid in die loop des tijds bereid, opdat zij ons het middel zou zijn om kennis te ontvangen en mee te delen; deze moeten wij gebruiken, zullen wij eenmaal voor onszelven en de wereld al datgene worden wat wij kunnen zijn. Ja, aan de onbeschroomde en volledige erkenning van de Afrikaanse taal hangt de toekomst van Zuid-Afrika. Kom, laat ons een luchtje gaan scheppen.”

'n Mens wil amper liries word en sê: Wat 'n merkwaardige insig, wat 'n besielde profesie, wat 'n indringende begrip! Geen wonder dat so 'n selfversekerdheid en

sulke wye perspektiewe die verstand en die verbeelding van die ontvlambare jeug soos in die geval van ds. S. J. du Toit en sy talentvolle medegangers, moes aangegryp het nie. Pannevis is die profeet van 'n nuwe leer en die grondlegger van 'n nuwe orde, nie soseer op grond van wat hy gedoen het nie, as om die besieling wat van hom uitgegaan het. Hy was 'n kragstasie met hoogspanning wat die ander gelaai en verwarm het.

Sy ontstaansverklaring van Afrikaans het dieselfde lyn as die van prof. D. B. Bosman. Eintlik is prof. Bosman die bekwame wetenskaplike eksponent in 'n later eeu van dr. Pannevis se nog onklare aanduidings.

Oor die verskil tussen Afrikaans en Nederlands wat gees en karakter betref, kon Pannevis met enige gevoel praat, gebore uit persoonlike ervaring. Totius behandel in *Die Huisgenoot* van 10 Februarie 1939 die artikel van Pannevis, waarin hy onderhoudend gesels oor die taalmoeilikhede van 'n pas aangekome Hollander, wat deur sy verkeerde begrip van die Afrikaanse betekenisnuances van ou woorde in allerlei ongeleenthede en ongerief beland. Die stukkie is werd om gelees te word en sal beter as enigiets anders presies verduidelik hoe hy die verskil in gees en sfeer verstaan.

Ek het net 'n paar grepe gedoen om te laat uitkom:
(a) Dat daar nou al dikwels kalm oor die wordingsmoontlikheid van Afrikaans nagedink of geraai word, dus dat meer as net verbygaande aandag daaraan bestee word;

(b) Dat die ontstaansfaktore soos deur tydgenote gesien, van baie uiteenlopende aard is. Vir sommige is dit 'n simpele proses (Frans, klimaat), vir ander is daar ingewikkelder positiewe kragte („klimaat, aard des lands en volksmenging”), en party let ook op die afwesigheid van remmende faktore (dr. Brill, dr. Pannevis); maar vir verreweg die meeste dra Afrikaans spore van „deterioration” (D.U.M.), verbastering, grammatale ontug

e.d.m. Die waardebepaling het by die mindere geeste steeds 'n ongunstige rigting. 'n Objektiewe beskrywing van die taalverskynsels bly egter nog uit.

Ons kan by 'n ander aspek nog 'n oomblikkie stilstaan, t.w. by die gradasie van afwyking tussen Afrikaans en Nederlands. Om die lyn goed te sien, herinner ek aan De Lima se ontkenning dat in die Kaapstadse burgerkringe 'n taal gebruik word wat baie sterk van Nederlands op die vasteland verskil, m.a.w. dat daardie mense, die opgevoedes, 'n beskaafde Kaaps-Nederlandse taal in die gewone omgang praat. Dit geld, volgens De Lima, in die jare 1840-1845, en vermoedelik van die ouer mense.

Dit is moeilik om vir ons 'n juiste beeld te vorm van die mate waarin die mense nog Nederlands in die gewone omgang met mekaar gepraat het. Daar is wel 'n paar uitsprake hieroor, maar aan saaklike duidelikheid laat hulle tog ook veel te wense oor. In elk geval wil hulle aanneemlik maak dat ons met enige voorbehoud oor die algemeenheid van Afrikaans onder die „buitemense” of boerende bevolking moet praat.

Ten bewyse twee aanhalings. Die eerste is uit *Die Huisgenoot* van Maart 1922, wat praat oor die herinneringe van eerw. J. J. Willemse, iemand wat met Voortrekkers en hulle nakomelinge in die Witberge naby Basoetoland kennis gemaak het. Omrent die taal van die ou here Naudé en Strydom vertel eerw. Willemse die volgende: „Ik was met hen in gesprek komende, verwonderd over hunne goede Hollandse spreektaal, vooral in hunne gebeden, en zij evenzoo verstanden mijn Hollands zeer goed, hoewel ik kersvers uit Holland was gekomen. *Van het tegenwoordig Afrikaans was bij die oude lieden weinig te bemerken.* Dit loochent de bewering dat het Afrikaans onze moedertaal is, maar wel het Hollands, al wordt het niet grammaticaal gesproken, evenmin als dit in Holland onder die gewone lieden gesproken wordt. Dit in het voorbijgaan gezegd, zonder bedoeling om

aanstoot te geven, dat op verre na mijne bedoeling niet is, maar alleen om der waarheid getuigenis te geven."

Die kursivering is van my. Die vraag is nou wel in hoever was die taal wat „niet grammaticaal gesproken” is, opsetlik bedoel as Nederlands of net die gewone spreektaal. Eerw. Willemse sê ondubbelzinnig dat dit by Naudé en Strydom in weerwil van die afwykinge Nederlands is. Dan is Nederlands, altans 'n benaderde vorm daarvan, nie net in die stedelike burgerkringe van 1850 gangbaar gewees nie, maar ook onder Trekkers van 'n sekere stempel.

Op dié punt is J. Stuart duideliker. Hy het op 8 Mei 1851 in Port-Natal geland en 'n tydjie onder die Trekkers vertoeft. Sy getuenis lui as volg (kursivering van my) : „Hunne taal is zeer gebrekkig Hollandsch, zij gebruiken enkele vreemde woorden, bijv. *banjer* voor *veel*, *vrekken* voor *sterven*; en verbuigen de werkwoorden slecht, bijv. *ons is* voor *wij zijn*, *zullie was* voor *zij waren*, enz. *Naar gelang zij in leeftyd gevorderd zijn, is hunne taal zuiverder . . .* Sedert ruim 30 jaren zijn deze menschen verstoken geweest van onderrigt, en zijn de kinderen opgepast door allerlei soort van kleurlingen, Hottentotten, Boschjesmannen en Kaffers. De kennis die zij van taal, lezen en schrijven nog bezitten, hebben zij aan het dagelijksch gebruik van hunnen bijbel, en psalmen en gezangen te danken.”¹

Hoe ouer die Trekkers dus, hoe suiwerder hulle taal. Dit vertel ons wel iets oor die geskakeerdheid, maar nie in hoever hulle taal Nederlands is nie. Stuart mag die bevinding van eerw. Willemse bevestig of nie, hoofsaak is egter dat daar blykbaar aanmerklike verskille bestaan het en dat die afwykings veral in die laaste dertig jaar toegeneem het vanweë die gebrekkige onderwys en

¹⁾ *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika* (1854) bl. 210.

omgang met nie-blankes. Hoe hulle taal daar uitgesien het, kan ons miskien ten dele aflei uit Trichardt se *Dagboek* en die bewaarde Voortrekker-briewe, maar dit gee geen alte sterk bewyskrag aan eerw. Willemse se verskynsel nie. Hy praat waarskynlik van uitsonderingsgevalle.

Ons kan nou met hierdie sketsing van die agtergrond 'n laaste aanhaling gee oor die toestande in Kaapland aan die einde van die periode wat hier afgebaken is. Dit is uit *De Zuid-Afrikaan* van 30 Januarie 1875 oorgeskryf en is na aanleiding van die standaard wat in die voorgestelde *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* gevvolg moet word. Hieroor betoog Een Ware Afrikaander (ds. S. J. du Toit) soos volg: „Die eerste vraag sal wees as ons so een boekie opstel: ‚Wat is die Afrikaanse Taal?‘ Ek het laas een man hore seh: ‚Daar is drie soorte Afrikaans: Here, Boere- en Hottentots-Afrikaans!‘ Mar dis geen beswaar nie. Want in watter taal is dit dan anders? . . . Dat daar een klein verskil is, is natuurlik. En as ons so een boekie skryf, dan denk ek is dit die beste om die middelkoers te hou, en die Boere-taal te neem. Buitendien is die regte bevolking van ons land toch mar die Boere . . .“

Klaas Waarsegger Jr. (C. P. Hoogenhout) betuig sy instemming hiermee en verduidelik dit met: „Geen *zulle* of *haarlui* — das te hoog. *Julle* en *bulle* is die meeste in gebruik . . .“

Dit verklaar dan die voorkeur vir *ek*, *julle*, *bulle* ens. en waarskynlik vir *ons* teenoor *wy*. D.U.M. gebruik in sy paradigmata van 1872 nog uitsluitlik *wy*. Dit maak ook een van die geopperde besware teen die Genootskap van Regte Afrikaners duideliker, nl. dat hulle hulle net na die platste taalvorm rig (al is dit nie heeltemal korrek nie). Hieroor later meer.

Nou het ons by die tweede belangrike punt aangekom. Die eerste wat ons hoër-op gestel het, was die kalme

belangstelling in aard en wording van Afrikaans; die tweede was die vuriger pleidooie vir 'n kulturele status van dié taalvorm.

Die laaste is dikwels en uitvoerig behandel, die noukeurigste deur dr. J. du P. Scholtz in sy proefskrif *Die Afrikaner en Sy Taal*. Ons kan volstaan met daarna te verwys. Alleenlik een punt wil ons na vore bring: Een Ware Afrikaander (ds. S. J. du Toit) en Klaas Waarsegger Jr. (C. P. Hoogenhout) is besiel met 'n vurige liefde vir Afrikaans. By hulle is daar die ontwakende volksbesef, sodat hulle direk pleit vir die beoefening van Afrikaans wat Nederlands by die Afrikaner moet vervang. So roep Hoogenhout uit: „Kan jij dan nie begryp nie dat Hollands naderhand heeltemal gedaan raak, maar *Afrikaans nooit?*”¹⁾ Of ook: „Ja, die Hollandse taal sal naderhand heeltemaal in Afrika gedaan raak, *en die Afrikaanse sal daarvoor in die plek kom, en das ook reg.*”²⁾ (My kursivering).

Hier word Nederlands met onttroniging bedreig. Ons voel die spanning wat die oorlogsverklaring in die Nederlandse kamp moes verwek het; en dat hulle vinnig en innig hierop sal reageer, verwag ons natuurlik by voorbaat. Omdat ons al die teenargumente later gaan ontmoet, kan ons die aanskouing van die geveg tot dan uitstel. 'n Goeie blik op die grofgeskut uit hierdie hoek vind ons in dr. J. D. du Toit se boek oor sy vader: *Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk*, waaraan ek feite vir hierdie afdeling sal ontleen.

¹⁾ Scholtz, 233.

²⁾ Ibid, 129.